higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

1 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 C
1.1.2 G
1.1.3 E
1.1.4 F
1.1.5 A
1.1.6 B

(6 × 2) (12)

1.2
1.2.1 Ouditeerkunde
1.2.2 Administrasie
1.2.3 Vloeidiagram
1.2.4 Inspeksie
1.2.5 Geskrewe verslag
1.2.6 Openbare beskermer

(6 × 2) (12)

1.3 1.3.1 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (2)

1.3.2
- Howe het die gesag en reg om die wetlikheid van handelinge van uitvoerende instellings te ondersoek.
- 'n Verontregte burger kan 'n siviele klag lê indien sy/haar regte geskend is.
- Howe kan slegs die skuldige party uitwys, maar hulle kan nie gedrag regstel nie.
- Verhore is oop vir die publiek. (Enige 3 × 2) (6)

1.3.3
- Gee regsadvies aan staatsdepartemente.
- Help staatsdepartemente en provinsiale administrasie om wetsontwerpe op te stel.
- Verleen hulp met die aanneem van wetsontwerpe in die parlement.
- Verdedig beamptes van staatsdepartemente en die provinsiale administrasie in strafhowe wanneer klagtes voortspruit uit die uitvoer van hul pligte.
- Gee advies aan staatsdepartemente oor die interpretering en implementering van wette. (Enige 4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Polisiebeamptes ondersoek kriminele aktiwiteite en neem misdadigers in hegtenis.

2.1.2 Landdroste en regters besluit oor straf.

2.1.3 Tronkbewaarders rehabiliteer gevangenes en handhaaf orde.

2.1.4 Verkeersbeamptes pas verkeersreëls toe om te verseker dat padgebruikers veilig is.

(4 × 2) (8)

2.2
- Verkeersbeamptes, verpleegsters, lede van die weermag, werknemers in korrektiewe dienste, ens. word uniforms en beskermende drag gegee om hulle te beskerm en uit te ken.
- Laboratoriumwerkers en arbeiders word voorsien van beskermende kleredrag sodat hulle hulle take kan uitvoer.
- Voldoende werksmetodes en prosedures is nodig om te verseker dat uniforms en kleredrag verkry, geberg, uitgereik en korrek gebruik word.
- Daar word van sommige amptenare verwag om uniforms te dra om hul pligte uit te voer. (4 × 2) (8)

2.3
- Geskrewe verslae✓ – Gewoonlik algemeen in die openbare sektor gebruik. Voorsien bewys van werk wat gelewer is en moedig werkers aan om versigtig en presies te werk.✓
- Persoonlike inspeksie✓ – Vind plaas in die werklike werksomgewing. Stel vas of optrede 'n nuttige doel gedien het. Die nadeel is dat dit plaasvind nadat 'n verkeerde optrede plaasgevind het. Inspekteurs moet nie slegs op soek wees na foute nie, maar remediërende maatreëls tref indien daar tekortkominge is.✓
- Ouditeurwerk✓ – Vind plaas nadat 'n transaksie gesluit is. Dit gaan oor regskorrektheid van transaksies en verhoed dat enige verkeerde transaksies plaasvind.✓
- Statistiese verslae✓ – Word gebruik bykomend tot finansiële ouditwerk.✓
- Hou van daaglikse lêers✓ – Hulle dui aan of sjablone, letters en korrespondensie aan die departement se vereistes voldoen.✓ (5 × 2) (10)

2.4 2.4.1
- Die samelewing is 'n dinamiese entiteit.
- Daar vind konstant veranderinge in die samelewing plaas.
- Openbare owerhede is betrokke by maatskaplike aspekte van die gemeenskapslewe.
- Daar is veranderinge in die menings van die heersende regering.
- Daar is veranderinge in openbare menings.
- Daar is populasieveranderinge.
- Wette en wetsontwerpe moet verander om in die mense se behoeftes te voorsien. (4 × 1) (4)

2.4.2
- Vinnige tegnologiese veranderinge het dit nodig gemaak dat werksprosedure verander.
- Voorbeelde is kantoortoerusting met hoëvlaktegnologie, bv. faksmasjiene en rekenaars. (2 × 2) (4)

2.4.3
- Gedurende hierdie eeu het 'n groot aantal veranderinge plaasgevind in die fisiese en sosiale wetenskappe.
- 'n Bewys hiervan is die groot aantal studente op dié gebied aan universiteite en technikons.
- Daar is druk op mense om hoë opvoedkundige kwalifikasies, vaardighede en ervaring te kry.
- In sekere beroepe word daar toenemend van werkers soos verpleegsters, tronkbeamptes en staatsamptenare verwag om beter vaardighede en hoër kwalifikasies te kry. (2 × 2) (4)

2.4.4
- Die administrasie van die land word deur verskeie instellings behartig.
- Sommige van hierdie instellings het baie takke, divisies en afdelings. As gevolg hiervan is daar oorvleueling en duplikasie.
- Veranderinge word gemaak en geïmplementeer in elke spesifieke situasie soos die behoefte ontstaan.
- Soms vergeet die owerhede om aanpassings in soortgelyke gebiede of afdelings te maak en gevolglik voer verskillende afdelings dieselfde take uit. (Enige 2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 3

3.1
- Sluit die kantoor wanneer jy dit verlaat
- Hersien maandstate om transaksies te verifieer
- Verkryging van goedkeuring vir sekere dokumente
- Uitvoer van rekonsiliasies op openbare rekeninge (4)

3.2
- Hersiening en monitering deur die nasionale en provinsiale regerings en munisipaliteite onderskeidelik.
- Die munisipale raad behoort die omvang van die onvermoë om sy verpligtinge na te kom te beskryf.
- Indien 'n direktief nie nagekom is nie, moet die raad verantwoordelikheid vir die toepaslike verpligting aanvaar.
- Die provinsiale uitvoerende raad moet 'n geskrewe kennisgewing by die minister verantwoordelik vir plaaslike regering indien.
- The NRVP (NCOP) moet 'n aanvaarding van verantwoordelikheid binne 30 dae vanaf die eerste sitting van die NRVP indien nadat die ingryping plaasgevind het.
- Nadat goedkeuring verleen is, behoort die NRVP die ingryping wat hy goedgekeur het op gereelde basies in hersiening te neem. (6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Die plaaslike en sentrale regering moet 'n oop, samewerkende verhouding handhaaf.
- Die sentrale regering kan die plaaslike regering se kapasiteit uitbou en versterk.
- Die kabinet besluit wanneer funksies van 'n nasionale vlak na 'n plaaslike regering delegeer sal word.
- Die parlement keur baie wette goed wat munisipaliteite raak.
- Munisipaliteite funksioneer outonoom.
- Regsgesag is in die parlement gesetel wat alle regeringsake reguleer.
- Munisipaliteite werk nou saam met die sentrale regering aangesien hulle op die selfde terrein werksaam is. (Enige 5 × 2) (10)

3.4
- Die openbare beskermer kan op haar eie inisiatief ondersoek instel.
- Ondersoeke word op onpartydige wyse uitgevoer.
- Stel ondersoek in na onreëlmatige of onwettige gedrag.
- Skik sake privaat vir burgers.
- Stel ondersoek in wanneer daar voldoende rede is.
- Mag nie besluite deur die howe ondersoek nie.
- Moet toeganklik wees vir alle individue en gemeenskappe.
- Verslae wat vrygestel word moet openbaar gemaak word tensy daar buitengewone omstandighede is. (4 × 2) (8)

3.5
- Beplan aktiwiteite wat uitgevoer moet word
- Voer die beplande aktiwiteite uit
- Beheer die implementering van die aktiwiteit (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Beleidmaking
- Organisering
- Finansiering
- Personeel
- Werkprosedure
- Kontrole (6 × 2) (12)

4.2
- Moet vir lang tye gehou word of selfs onbepaald (bv. rekords in aktekantore).
- Moet op so manier liasseer word dat dit maklik herwin kan word.
- Moet beskerm word teen vernietiging en skade.
- Word gewoonlik in registers of argiewe gehou.
- Moet in 'n behoorlike liasseerstelsel gehou word vir veilige bewaring.

(Enige 3 × 2) (6)

4.3

PRIVATE SAKEBESTUUR	OPENBARE BESTUUR
Besluite gerig op maksimering van wins	Verbeter die openbare welsyn van gemeenskappe
Begrotings toon groeiende wins	Begrotings toon gebalanseerde besteding
Kom die bepalings van die wet na	Pas die bepaling in die wet toe
Gebruik aandeelhouers se kapitaal	Gebruik belastingbetalers se geld
Besluite word deur die mark dikteer (Enige 3 × 1)	Besluite word dikteer deur die hoof politieke owerheid (Enige 3 × 1)

(2 × 3) (6)

4.4
- Wet op Waterdienste
- Behuisingswetsontwerp
- Wet op Munisipale Strukture (3 × 2) (6)

4.5
- Nie vertroud met omvang van dienste wat deur openbare instellings voorsien word nie
- Weet min van politieke oorwegings en waardes wat aktiwiteite in die openbare sektor rig
- Kontrolefunksie wat in openbare sektor gebruik word is nie bekend aan privaat konsultante nie
- Hulle tegnieke en gebruike pas nie altyd die maatskaplike, ekonomiese en politieke doelwitte van openbare instellings nie
- Verwag hoë vlakke van vergoeding (Enige 5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Konformisme
- Bestuurder volg reëls.
- Verwag dat personeel formeel moet wees.
- Geen afwykings word toegelaat nie.
- Take word kragtens die wet uitgevoer.

5.1.2 Determinisme
- Bestuur het totale gesag oor besluitneming.
- Vertrou nie werkers nie en gee net bevele.
- Glo dat wat hy/sy doen korrek is.
- Bestuurder is outokraties.

(2 × 4) (8)

5.2
- Toesighouers sal dikwels met verteenwoordigers van ander instellings, belangegroepe, meerderes en minderes moet onderhandel.
- Toesighouers moet opgelei word om onderhandelinge te hanteer.
- Die toesighouer se onderhandelingsvaardighede kan op die proef gestel word wanneer roetinekontrakte met kopers, kliënte en leners beding word.
- Onderhandelinge kan finansiële behoeftes, menslike hulpbronne of aankope behels.
- Probleemoplossing en die gebruik van verskillende taktieke is 'n groot deel van onderhandelinge en lewer voordelige resultate. (3 × 2) (6)

5.3
- Vermorsing van tyd in man-ure kan elimineer word.
- Die werkvloei kan verhoog en meer doeltreffend gemaak word.
- Produktiwiteit kan verhoog. (3 × 2) (6)

5.4
- Regverdig
- Redelik
- Rekenskap kan gegee word (Enige 2 × 2) (4)

5.5
- Die provinsiale regering speel 'n sleutelrol in die monitering van die plaaslike regering se sake.
- Die grondwet verplig die provinsiale regering om die ontwikkeling en kapasiteit van die plaaslike omgewing te bevorder.
- Wetsontwerpe wat die plaaslike regering raak, moet in die Staatskoerant publiseer word om belangstellende partye vir voorleggings uit te nooi.
- Verordeninge word deur munisipaliteite gemaak vir die doeltreffende administrasie van sake wat hulle beheer.
- Verordeninge word as ongeldig beskou indien hulle nasionale of provinsiale wette teenspreek.
- Nasionale en provinsiale regerings kan take aan 'n munisipaliteit delegeer indien die munisipaliteit die kapasiteit het om die take uit te voer.
- Delegering van provinsiale na plaaslike regering behoort die gevolg van besluit deur die provinsiale uitvoerede raad te wees.
- Die premier kan die munisipaliteit aansê om 'n bepaalde optrede te volg of dit beperk indien die beleid nie die welstand van die gemeenskap verbeter nie. (Enige 6 × 2) (12)

5.6 Arbeidsregulasies:
- Beskerm die belange van werknemers en werkgewers
- Reguleer die verhouding tussen werkgewers en werknemers (2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou